
In die regte
verhouding.

**(Efe 5:21-33)** 21 Wees uit
eerbied vir Christus aan
mekaar onderdanig.
**22** Vrouens, wees aan julle
mans onderdanig, net soos
julle aan die Here onderdanig
is. **23** Die man is die hoof van
die vrou, soos Christus die
hoof van die kerk is.

**(Efe 5:21-33)** Christus is ook
die Verlosser van die liggaam,
sy kerk. 24 Soos die kerk aan
Christus onderdanig is, moet
die vrouens in alles aan hulle
mans onderdanig wees. 25
Mans, julle moet julle vrouens
liefhê

**(Efe 5:21-33)** soos Christus die
kerk liefgehad en sy lewe
daarvoor afgelê het. 26 Dit het
Hy gedoen om die kerk aan
God te wy, nadat Hy dit met
die water en die woord
gereinig het,


**(Efe 5:21-33)**27 sodat Hy die
kerk in volle heerlikheid by
Hom kan neem, sonder vlek of
rimpel of iets dergeliks, heilig
en onberispelik. 28Die mans
behoort hulle vrouens so lief te
hê soos hulle eie liggame. Wie
sy vrou liefhet, het homself lief,

**(Efe 5:21-33)**29 want niemand
het nog ooit sy eie liggaam
gehaat nie. Inteendeel, hy
voed en versorg dit, soos
Christus met sy kerk doen
30 “omdat dit sy liggaam is,
waarvan ons lede is.

**(Efe 5:21-33)**31 Daar staan in
die Skrif: “Daarom sal 'n man
sy vader en moeder verlaat en
saam met sy vrou lewe, en
hulle twee sal een wees.”
32Hierin lê daar 'n diep
geheimenis opgesluit,

**(Efe 5:21-33)** en ek pas dit toe op Christus en die kerk.
33 Maar dit is ook op julle van toepassing. Elkeen moet sy vrou so lief hê soos hy homself liefhet, en 'n vrou moet aan haar man eerbied betoon.

**(Efe 5:21)** [21]Wees **uit eerbied vir Christus** aan mekaar onderdanig.




BEDIENING